

### Ekonomieë in 'n flits

November 2021

#### Raming 2021:

BBP: 4.1%

Inflasie: 2.8%

#### Raming 2022:

BBP: 2.5%

Inflasie: 2.2%

### Eurosone

Ten spyte daarvan dat 55% van Europa ten volle ingeënt is, het 'n nuwe golf van COVID-19-gevalle talle Europese regerings genoop om strenger inperkingsmaatreëls in te stel. Nederland, Oostenryk, Duitsland, Noorweë, Pole en Slowakye het onder meer die laaste paar weke 'n skerp styging in nuwe gevalle ervaar. Die beperkings om die opwelling te probeer beheer, het Bloomberg se mediaankonsensus-vooruitskatting vir groei in die vierde kwartaal van 5.1% tot 4.8% afwaarts aangepas. Capital Economics voorspel dat 'n maand van inperkings groei in die vierde kwartaal in Duitsland (0.25% van die Eurosone) met 0.8% sal demp. As nog lande beperkings instel, kan groei in die Eurosone in die vierde kwartaal met nog 0.3% daal. Intussen het die Europese Sentrale Bank, ten spyte van 'n toename in korttermyninflasie, hom sterk uitgespreek teen geldmarkte wat verwag rentekoerse gaan styg en dui hy daarop dat 'n styging in 2022 hoogs onwaarskynlik sal wees.

#### Raming 2021:

BBP: 4.5%

Inflasie: 3.8%

#### Raming 2022:

BBP: 2.2%

Inflasie: 1.9%

### Japan

Die wolk van politieke onsekerheid het verdamp onder die nuwe leierskap van premier Fumio Kishida. Die fiskale en monetêre beleidstandpunt sal in die komende kwartale toeskietlik bly. Die Liberale Demokratiese Party, wat steeds 'n groot meerderheid in die laer huis het, het hom toegespits op fiskale aansporing (hoofsaaklik kontantbetalings aan huishoudings met 'n laer inkomste), wat tot groei in die eerste helfte van 2022 sal bydra. 'n Verslapping in verskaffingsbeperkings en ekstra spaargeld behoort ekonomiese bedrywighede nog 'n hupstoot te gee. Hoewel hoë kos- en energieinflasiedruk na ander kategorieë in die VSA en Eurogebied oorgespoel het, het groei van laer as die tendens, lae inflasieverwagtings en stadige loongroei die druk op die kernaanswysers van inflasie in Japan verlig.

### VSA

Krimpemde huishoudelike besteding in die derde kwartaal het groei gedemp, maar dit blyk asof bedrywighede in die vierde kwartaal weer op dreef kom. Die uitvoer van nominale goedere het positief verras, terwyl groei in reële verbruik versnel het met dié dat verbruikers hul spaargeld begin gebruik. Groei gaan egter in 2022 op 'n jaargrondslag weer afneem, aangesien die koers van huishoudelike besparings weer op dieselfde vlak as vóór die pandemie is. Barclays erken nietemin 'n moontlike opwaartse risiko vir groei danksy die voorgestelde Build Back Better-wetgewing wat die kongres nog moet goedkeur. Barclays skat dat dit groei volgende jaar met 0.6% sal opstoot en in 2023 met 0.4%. Ten spyte daarvan dat die opeenhoping by hawens kleiner en verskepingskoste laer is en motorvervaardigings-aanglegte heropen het, sal die inflasietekens, wat hoër is as wat verwag is, 'n uitdaging bly vir Jerome Powell aan die begin van sy tweede termyn as die voorsitter van die Amerikaanse Federale Reserweraad.

#### Raming 2021:

BBP: 4.3%

Inflasie: 2.5%

#### Raming 2022:

BBP: 2.2%

Inflasie: 1.5%

### Verenigde Koninkryk

Tekorte in die arbeidsmark het grootliks veranderende immigrasiepatrone weerspieël, aangesien 87% van afgelede werkers reeds einde September na die arbeidsmark teruggekeer het. Intussen blyk dit dat verbruikers steeds onwillig is om hul ekstra opgehoopde spaargeld uit te gee wat besteding negatief beïnvloed. Brexit het bes moontlik tot die Verenigde Koninkryk (VK) se pandemieletsels bygedra en die land bly 'n sloerder onder die Groep van Sewe-lande (G7). Spanning tussen die VK en die Europese Unie (EU) het toegeneem oor die Noord-Ierse Protokol, wat verseker dat die vervoer van goedere tussen Ierland en Noord-Ierland glad verloop, maar ook insluit die kontrolering van goedere wat vanuit die VK en enige ander derde party wat Noord-Ierland binnekom aan EU-beheerstandaarde voldoen. Die afdwinging van Artikel 16 (vrywaringsmaatreëls as die ooreenkoms tot praktiese probleme lei) sal heel waarskynlik drukkende tariewe tot gevolg hê.

#### Raming 2021:

BBP: 2.8%

Inflasie: 0.7%

#### Raming 2022:

BBP: 1.5%

Inflasie: 0.6%

## China

China se geen-COVID-strategie – die klem op die belange van die gesondheid van die meerderheid – is 'n hoë prys om vir groei te betaal. Dié strategie het daartoe gelei dat China se grense vir 19 maande gesluit was. Regulatoriese ingryping, 'n kwesbare behuisings- en bousektor, groter internasionale druk op China om sy klimaatdoelwitte te bereik en hernude klem op “algemene welvaart” sal na verwagting in 2022 swaar druk op ekonomiese bedrywighede. Spanning tussen die VSA en China het egter afgeneem nadat albei partye ingestem het om 'n verhoging van handelstariewe te vermy. Janet Yellen, die VSA se minister van finansies, het gesinspeel op die VSA se bereidwilligheid om party van die tariewe wat vroeër opgelê is te verlaag. Verder het China se premier Li Keqiang genoem dat nuwe voorkeurbelastingbeleide, steun vir e-handel oor grense en gewaarborgde kragvoorsiening groei en werkverskaffing sal versterk.

**Raming 2021:**  
BBP: 5.0%  
Inflasie: 3.9%  
**Raming 2022:**  
BBP: 4.8%  
Inflasie: 3.5%

## Ontluikende markte

Met ontluikende markte wat daadwerklik op stygende inflasiedruk reageer en terwyl die regerings van dié lande hul groterwordende fiskale tekorte begin betoel, behoort 'n gepaardgaande vernouing in finansiële toestande te lei tot 'n verlengsaming van groei regoor dié markte in 2022. Mobiliteitsaanwysers in ontluikende markte in Asië het verbeter aangesien baie van hierdie ekonomieë uit strenger inperkings verrys het. 'n Versnelling in die pas van inentings en groter globale aanvraag het die onlangse herstel in die omgewing ook ondersteun. Hoër kommoditeitspryse en fiskale besteding het korttermyn groei in verskeie ekonomieë in die Latyns-Amerikaanse streek aangewakker. Politieke voorvalle, inflasiedruk, 'n verskerping in monetêre beleid en knelpunte in voorsieningskettings kan groeivoorsigte in die komende kwartale kniehalter. In ontluikende Europa kan die onlangse verskerping van inperkingsmaatreëls ekonomiese bedrywighede in die nabye toekoms laat krimp.

**Raming 2021:**  
BBP: 2.0%  
Inflasie: 4.6%  
**Raming 2022:**  
BBP: 1.8%  
Inflasie: 4.3%

## Suid-Afrika

Die opvlammings in ekonomiese bedrywighede sal waarskynlik aansienlik afneem van die verwagte herstel van 4.9% in 2021 tot 'n geskatte 2% in 2022. 'n Verlengsaming in wêreldwye aanvraag, voortgesette kragvoorsieningsprobleme en kwynende werkseleenthede sal ekonomiese bedrywighede in 2022 belemmer. 'n Nuwe COVID-19-variant (B.1.1.529) het verdere kommer oor groei aangewakker en tot 'n aantal reisverbode aanleiding gegee. Wetenskaplikes het meer as 30 mutasies van die stekelproteïen van die Omicron-variant bespeur, wat dit heel moontlik meer oordraagbaar maak. Laer groeiuitsigte vir 2022 en die daling in kommoditeitspryse gee te kenne dat die veerkrag van die belastingkoers in die volgende fiskale jaar laer sal wees. Nietemin, permanente bykomende bestedingseise word oorweeg gegewe dat 'n derde van die bevolking tans onder die broodlyn leef. Hoewel die beter as verwagte uitkoms van die fiskale tekort en die regering se skuld ratio (relatief tot die tesourie se vooruitsigte vir Februarie 2021) graderingagentskappe tydens die jongste hersiening gepaai het, bly mediumtermyn groei en fiskale bekommernisse, volgens ons, steeds oor die medium termyn 'n bedreiging. Ten spyte van die wêreldwye inflasieskok, word inflasie plaaslik heel goed in toom gehou. Veral mediese fondstariewe en huurpryse plaas steeds afwaartse druk op onderliggende inflasie. Gegewe 'n traë groeivoorsigtig en bekampte inflasieverwagting, verwag ons dat rentekoerse stelselmatig sal styg.

## Die makro-navorsingspan

Herman van Papendorp is hoof van Momentum Investments se span vir navorsing en insigte en het finale verantwoordelikheid vir makronavorsing en bateallokasie. Ekonomiese, Sanisha Packirisamy, is verantwoordelik vir die makro- raamwerk vir beleggingsgeleenthede en -strategieë.



Die inligting wat gebruik is om hierdie dokument op te stel sluit inligting in van derde partye en is slegs bedoel vir inligtingsdoeleindes. Hoewel ons alle redelike stappe neem om die akkuraatheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, gee nie Momentum Metropolitan Life Limited of enige van hulle onderskeie filiale of geaffilieerdes, enige uitdruklike of implisiete waarborg oor die akkuraatheid, volledigheid, of betroubaarheid van die inligting in hierdie dokument nie en geen waarborge van enige soort, uitdruklik of implisiet, word gegee oor die aard, standaard, akkuraatheid of andersins van die inligting wat verskaf word nie.

Nie Momentum Metropolitan Life Limited, sy filiale, direkteure, amptenare, werknemers, verteenwoordigers of agente (die Momentum partye) het enige aanspreeklikheid teenoor enige persone of entiteite wat die inligting in hierdie dokument ontvang vir enige eis, skadevergoeding, verlies of uitgawes nie, insluitende, en sonder enige beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige of gevolglike koste, verliese of skade, of in kontrak of delik, wat mag voortspruit uit of in konnaksie met inligting in hierdie dokument en jy stem om die Momentum partye dienooreenkomstig vry te waar. Vir meer inligting besoek [momentum.co.za](http://momentum.co.za). Momentum Investments is deel van Momentum Metropolitan Life Limited, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer, met 'n B-BBEE vlak-1 gradering.

# Indekse vir November 2021

	Een maand	Drie maande	Een jaar	Drie jaar	Vier jaar	Vyf jaar	Ses jaar	Sewe jaar	Tien jaar
<b>Aandele-indekse</b>									
FTSE/JSE Indeks van alle aandele (Alsi)	4.47%	6.41%	28.53%	15.51%	7.74%	10.55%	8.70%	8.42%	11.37%
FTSE/JSE Aandeelhoudersgeweegde-indeks (Swix)	0.68%	2.03%	20.28%	10.13%	3.44%	7.22%	5.83%	6.00%	10.28%
FTSE/JSE Bobeperkte Swix-indeks	0.94%	2.19%	27.83%	10.11%	3.99%	6.68%	5.49%	5.59%	9.98%
FTSE/JSE Top 40-indeks	5.36%	6.97%	27.38%	16.63%	8.19%	11.43%	8.85%	8.75%	11.45%
FTSE/JSE Indeks vir mediumgrootte maatskappye	-1.58%	0.08%	31.76%	8.13%	3.70%	4.28%	6.28%	5.00%	9.44%
FTSE/JSE Indeks vir kleingrootte maatskappye	-1.75%	6.97%	56.22%	12.01%	5.89%	4.83%	5.42%	5.70%	11.43%
FTSE/JSE Hulpbronindeks	6.53%	4.73%	37.52%	30.02%	22.49%	20.78%	22.87%	11.55%	6.62%
FTSE/JSE Finansiële-indeks	-2.61%	-3.73%	29.16%	-1.02%	-1.19%	1.87%	0.77%	2.29%	9.50%
FTSE/JSE Nywerheidsindeks	5.72%	11.92%	21.69%	15.33%	4.34%	9.04%	5.90%	7.39%	13.52%
<b>FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse</b>									
40-indeks (Rafi)	3.75%	4.57%	39.91%	14.62%	8.66%	10.40%	11.21%	8.62%	10.71%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse Alsi	3.18%	4.33%	40.30%	14.31%	8.46%	9.81%	10.90%	8.26%	10.41%
FTSE/JSE SA Genoteerde Eiendomsindeks (Sapy)	2.16%	-0.35%	44.31%	-5.70%	-9.86%	-5.00%	-4.31%	-1.60%	5.34%
FTSE/JSE Alle-eiendomsindeks (Alpi)	2.17%	0.55%	45.93%	-6.52%	-10.24%	-5.91%	-6.15%	-2.86%	4.66%
<b>Rentdraende-indekse</b>									
FTSE/JSE Indeks van effekte (Albi)	0.66%	-1.95%	8.14%	8.39%	9.54%	8.81%	8.35%	7.32%	7.99%
FTSE/JSE Indeks van effekte 1-3 jaar (Albi)	1.16%	1.10%	4.06%	7.93%	8.55%	8.46%	8.32%	7.86%	7.51%
FTSE/JSE Inflasiegekoppelde-indeks (Ili)	-0.08%	0.86%	13.01%	5.80%	5.44%	3.73%	3.88%	4.11%	6.13%
Saamgestelde indeks van korttermyn-vasterente (Stefi)	0.32%	0.96%	3.79%	5.58%	6.00%	6.31%	6.48%	6.48%	6.19%
<b>Kommoditeite</b>									
NewGold Beursverhandelde Fonds	6.44%	9.65%	5.36%	19.34%	12.99%	11.29%	10.73%	11.57%	7.14%
Goudprys (in rand)	7.78%	9.51%	6.20%	19.94%	13.48%	11.93%	11.21%	12.07%	7.21%
Platinum Beursverhandelde Fonds	-1.98%	3.33%	0.68%	10.59%	3.83%	2.88%	3.68%	1.42%	
Platinumprys (in rand)	-2.99%	3.09%	1.99%	11.01%	4.20%	3.33%	3.95%	1.90%	0.75%
<b>Wisselkoersbewegings</b>									
Rand/euro bewegings	3.19%	6.29%	-1.38%	4.96%	2.80%	4.05%	2.98%	4.03%	5.23%
Rand/dollar bewegings	4.92%	10.25%	3.94%	4.79%	3.99%	2.61%	1.70%	5.40%	7.02%
<b>Inflasie-indeks</b>									
Verbruikersprysindeks (VPI)	0.24%	0.90%	4.95%	3.95%	4.24%	4.36%	4.69%	4.69%	4.98%

## Important notes

- Sources: Momentum Investments, IRESS, www.msci.com, www.yieldbook.com, www.ft.com.
- Returns for periods exceeding one year are annualised.
- The return for Consumer Price Index (CPI) is to the end of the previous month. Due to the reweighting of the CPI from January 2009, this number reflects a compound of month-on-month CPI returns. The historical numbers used are the official month-on-month numbers based on a composite of the previous inflation series (calculations before January 2009) and the revised inflation series (calculations after January 2009).
- The MSCI World index (All Countries) returns are adjusted to correspond with global investment prices received.
- FTSE/JSE disclaimer: www.jse.co.za
- The information reproduced in this document has been compiled by or arrived at by Investments from sources believed to be reliable.
- Reasonable steps have been taken to ensure the validity and accuracy of the information in this document. However, Momentum Investments does not accept any responsibility for any claim, damages, loss or expense, howsoever arising out of or in connection with the information in this document, whether by a client, investor or intermediary.
- The content used in this document is sourced from various media publications, the Internet and Momentum Investments. For further information, please visit us at www.momentuminv.co.za.
- Momentum Investments is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider, and rated B-BBEE level 1.